**27 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 17:20-37**
**Fokusgedeelte: Lukas 17:20, 21**

## Wanneer kom die Koninkryk?

Selfs die Fariseërs het op ’n dag gedink dat Jesus die regte Een was om die vraag te beantwoord. Uit die antwoord van Jesus is dit duidelik dat die koninkryk heel anders was as wat hulle hul voorgestel het. Dit is nie ’n koninkryk met ’n hoofstad en grense nie. Nee, daar waar Jesus binne-in die kring van die Fariseërs en dissipels staan, is die koninkryk teenwoordig. Dit is reeds daar. Tog is die koninkryk nog aan die kom in sy volheid, wanneer Jesus weer kom met die wolke van die hemel.

Om alle misverstand uit te sluit, verseker Jesus hulle dat geen speurwerk nodig sal wees om die dag te erken nie, almal sal weet. Voor die koms moet die Seun van die mens ly en deur die mense verwerp word. Verder word beklemtoon dat daardie dag nie opsygesit is om aan aardse goed te dink nie. Wie sy lewe self wil red, sal dit verloor. Die dag sal ook skeiding bring in die mees intiemste aardse verbintenisse, omdat dit nie met die uiterlike saamwees van mense rekening hou nie, maar met die verbondenheid aan Jesus. Wanneer die wêreld in sy sondige verrotting ryp sal wees, sal die Seun van die mens daarop afpyl en as Regter op die wolke verskyn.

Noag en Lot het besef die vernietiging kom en het stappe geneem om aan die oordeel van God te ontsnap. Lot se vrou, wat halfhartig gehoorsaam was, kon nie die oordeel vryspring nie.

Ons sien Jesus deur die geloofsoog. Ons sien rondom ons die tekens van die eindtyd. Gaan ons soos Noag en Lot deur gehoorsaamheid aan die oordeel ontsnap of gaan ons soos Lot se vrou bly hunker na dit wat ons moet agterlaat?

*Sing: Psalm 46:6 (1936)* *Ds. S Hibbert (Koster)*